GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2022

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 2)**

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**13 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK.

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde van meer as die vereiste getal sal NIE gemerk word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae noukeurig deur.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 2 – 3 reëls tussen die onderafdelings van die vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volledige sinne en verseker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

8. Gebruik slegs blou of swart ink.

9. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**b.o.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die ... is 'n voorbeeld van 'n volmaakte mark.

A selulêre-telefoonmark
B oliemark
C elektrisiteitsmark
D vulstasie mark

**Commented [PT(1]:** Is die vraag nie veronderstel om ' n onvolmaakte mark te wees nie? Oliemark is 'n goeie voorbeeld van 'n mark met baie min verkopers. OPEC

1.1.2 Watter van die volgende is 'n faktor wat aanbod beïnvloed?

A Verandering in inkomste
B Verandering in tendense
C Mededingende goedere
D Advertensies

1.1.3 'n ... is die effek op 'n party wat nie direk by die transaksie betrokke is nie.

A Buite faktor
B Eksternaliteit
C Faktor van produksie
D Internaliteit

1.1.4 Die laagste prys wat 'n verbruiker moet betaal, word die ... genoem.

A koopprys
B verkoopprys
C maksimum prys
D minimum prys

1.1.5 Watter van die volgende is 'n instelling wat vir die beskerming en regte van werknemers veg?

A Vakbond
B Werkplek Forum
C Bedingingsraad
D Werkgewersorganisasie

1.1.6 Die ... is die totale hoeveelheid werkende en werklose mense.

A ekonomies aktiewe bevolking
B indiensnemingskoers
C werkloosheidskoers
D onder-indiensneminskoers

1.1.7 'n Vrywillige proses, waartoe die betrokke partye instem en probeer om hulle geskille op te los, is ... .

A bedinging.
B arbitrasie.
C bemiddeling.
D versoening.

1.1.8 Watter van die volgende wette val NIE onder die verantwoordelikhede van die Departement van Arbeid NIE?

A Wet op Vaardigheidsontwikkeling
B Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings
C Skolewet
D Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheidswet

(8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing van KOLOM B wat ooreenstem met ŉ item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Monopolie | A | Mense verloor hul werk as gevolg van die inkrimping van die ekonomie |
| 1.2.2 | Ewewigshoeveelheid | B | Hoeveelheid wat gevra word, is gelyk aan hoeveelheid wat verskaf word |
| 1.2.3 | Doeltreffendheid | C | Die kapitaal van 'n besigheid wat gebruik word in sy daaglikse handelsbedrywighede, bereken as die bedryfsbates minus die huidige laste. |
| 1.2.4 | Maksimum prys | D | Hoogste prys waarteen produsente 'n produk kan verkoop |
| 1.2.5 | Openbare sektor | E | Masjinerie gebruik vir produksie |
| 1.2.6 | Sikliese werkloosheid | F | Sentrale regering, provinsiale regering, plaaslike regering en staatsbeheerde maatskappye |
| 1.2.7 | Kapitaalintensiewe produksie | G | Slegs een verskaffer in die mark |
| 1.2.8 | Bedryfskapitaal | H | Die hulpbronne in die ekonomie word effektief gebruik |
| | | I | Laagste prys wat verbruikers moet betaal |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die prys waarteen een produk vir ŉ ander produk sal ruil.

1.3.2 Faktore waaroor jy geen beheer het nie

1.3.3 Die laagste loon wat 'n werkgewer toegelaat word om te betaal

1.3.4 Die persentasie van die werkende ouderdomsgroep van die bevolking wat in diens is

1.3.5 Alle wette en regulasies is onderhewig hieraan

1.3.6 Instellings wat in elke bedryf in plek gestel is sodat hulle vir hul eie regulasie verantwoordelik kan wees

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Commented [PT(2]:** Die antwoord het ŉ ruil daarin. Leerders word geleer om nie ŉ term wat reeds in die verklaring is, te gebruik nie.
Ander opsie kan prys wees

**Commented [PT(3]:** Dit is dubbelsinnig. Alternatiewelik "elemente of items of faktore waaroor jy geen beheer het nie"

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Lys TWEE voorwaardes om 'n mark te vestig. (2 x 1) (2)

2.1.2 Gee EEN rede waarom die openbare sektor in markte sal ingryp. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**GRAFIEK A**




2.2.1 Verskaf 'n toepaslike opskrif vir GRAFIEK A. (1)

2.2.2 Identifiseer die punt op die grafiek waar ondoeltreffendheid voorkom. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die doel van die afsydigheidskromme. (2)

2.2.4 As daar 'n afname in beide die produksie van stoele en tafels is, beskryf kortliks die verskuiwing van die grafiek. (2)

2.2.5 Met behulp van 'n grafiek, wys hoe 'n toename in hulpbronne vir die produksie van tafels die PMK kan beïnvloed. (4)

2.3 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Olietekort: SA oliesadeboere sal meer moet plant**

Die wêreldwye eetbare olietekort het ŉ duidelike geleentheid vir die beperkte oliesadeboere in Mzansi gegee, en plaaslike kanolaboere het reeds aangedui dat hulle van plan is om hul planthektare hierdie winter te verhoog.

Beide Corné Louw, senior ekonoom by Graan SA, en Zander Spammer, landbouhulpbronbestuurder by Southern Oil, sê kanolaboere het bevestig dat hulle van plan is om hul aanplantings van verlede jaar af te verhoog. Louw reken die toename kan 20% bereik, hoewel boere tans eers begin plant en Spammer waarsku dat dit ŉ droë vroeë seisoen is.

Daar is ook ŉ beperking op wat boere kan doen. Ten spyte daarvan dat sommige kanola op ŉ proefgrondslag in besproeiingsgebiede in die noorde verbou word, word byna al die land se kanola in die Wes-Kaap geproduseer. Uitbreiding na ander dele van die land sal, volgens Louw, beter geskikte variëteite benodig.

**[Aangepas uit: Olietekort: SA oliesadeboere sal meer moet plant - Food For Mzansi]**

2.3.1 Waar in Suid-Afrika word die meeste Kanola-olie geproduseer? (1)

2.3.2 Identifiseer die maatskappy wat verantwoordelik is vir die grootste deel van Suid-Afrika se eetbare olieproduksie. (1)

2.3.3 Verduidelik wat bedoel word met die term *monopolistiese mededinging*. (2)

2.3.4 Beskryf EEN kenmerk van ŉ monopolie. (2)

2.3.5 Met behulp van 'n grafiek, illustreer hoe die bykomende aanbod van kanola die markprys sal beïnvloed. (4)

2.4 Verduidelik die eienskappe van die afsydigheidskurwe. (8)

2.5 Analiseer die impak van minimum lone op werkloosheid. (8)
**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem twee vakbonde in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die doel van die Uitgebreide Openbare Werke-program? (1 x 2) (2)

**Commented [PT(4]:** Leerders kan 'n regverdige kans gegun word om hierdie vraag te beantwoord. Vir 'n maklike middelordevraag is dit dubbele toetsing. Leerder moet eers weet waarvoor dit staan en dan die vraag beantwoord

3.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**MAATSKAPLIKE TOELAES IN SUID-AFRIKA**




[https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.dailynews.com%2F2020%2F04%2F08%2Fsocial-distancing-in-the-unemployment-line-political-cartoons%2F&psig=AOvVaw0JHnyimgksDnTWK1ISgs8D&ust=1652965153379000&source=images&cd=vfe&ved=0CAwQjRxqFwoTCMDvrcSM6fcCFQAAAAAdAAAAABAD]

**Commented [PT(5]:** Heading on picture

3.2.1 Identifiseer EEN gemarginaliseerde groep uit die spotprent hierbo. (1)

3.2.2 Noem enige EEN maatskaplike toelae waarvoor die mense in die ry wag. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *werkloosheid*. (2)


3.2.4 Hoe het COVID-19 die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika beïnvloed? (2)

**Commented [PT(6]:** Maak dit asseblief 3.2.4

3.2.5 Onderskei tussen seisoenale en strukturele werkloosheid. (4)

3.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**ARBEIDSMARK**




3.3.1 Identifiseer die markloon uit die grafiek hierbo. (1)

3.3.2 Uit die grafiek hierbo, wat sal die arbeidsoorskot teen 'n loon van R600 wees? (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *vakbond*. (2)

3.3.4 Hoe sal 'n toename in die bevolking die aanbodkromme van arbeid beïnvloed? (2)

3.3.5 Verduidelik kortliks die gevolge van verhoogde indiensneming op die ekonomie. (4)

3.4 Bespreek die funksies van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie. (8)

3.5 Ontleed die stappe wat die regering sedert 1994 in die demokratisering van die ekonomie geneem het. (8)

**[40]**

**Commented [PT(7]:** Moet kritiese denke toets en nie uiteensit nie. Evalueer, analiseer, hoe, waarom. Antwoord hoef nie uit handboek te kom nie

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE - 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE bronne van kapitaal om eiendomme te bekom. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe sal verbruikers uit produksiesubsidies baat? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**VERBRUIKER SE AFSYDIGHEIDSKAART VIR SKYFIES EN HAMBURGERS**




**Commented [PT(8]:** Please insert suitable heading

4.2.1 Watter afsydigheidskromme sal die hoogste nut lewer? (1)

4.2.2 Identifiseer lyn D. (1)

**Commented [PT(9]:** D is verby geassesseer

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *nut*. (2)

4.2.4 Waarom sal twee afsydigheidskrommes mekaar nooit kruis nie? (2)

4.2.5 Beskryf enige TWEE kenmerke van nut. (4)

4.3 Bestudeer die volgende beeld en beantwoord die vrae wat volg.

**ARBEIDSTAKINGS IN SUID-AFRIKA**




4.3.1 Identifiseer die persentasieverhoging wat gevra word. (1)

4.3.2 Volgens die beeld, watter sektor van die ekonomie neem deel aan die staking? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die hoofrede waarom mense sal staak. (2)

4.3.4 Verduidelik arbitrasie in geskilbeslegting. (2)

4.3.5 Waarom het die Arbeidsappèlhof groter magte as die Arbeidshof? (4)

4.4 Hoe kan die regering werkloosheid oplos deur 'n gesonde monetêre en fiskale beleid? (8)

4.5 Evalueer die voordele van mededinging in die markplek. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg beoordeel word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br><br>• 'n Goeie beginpunt sou wees om 'n sleutelkonsep te definieer wat in die vraag verskyn.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie 'n deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Moenie in die inleiding sê wat jy in die liggaam gaan bespreek nie. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Gee eie mening/ Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities /Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Aflei/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor/ Gebruik die inligting en argumenteer/Debatteer | Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige relevante hoër-orde gevolgtrekking moet insluit:<br><br>• 'n Kort opsomming van wat reeds bespreek/ontleed is sonder om feite wat reeds in die liggaam genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek word<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die eienskappe van volmaakte en onvolmaakte markte in detail.
  (26 punte)

- Evalueer die impak van die instelling van 'n minimum prys in die ekonomie.
  (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die regstellingspogings van die Suid-Afrikaanse ekonomie in detail.
  (26 punte)

- Wat is die uitdagings wat bosboubedrywe in Suid-Afrika in die gesig staar?
  (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**